

Maandag 12 April 2021

Skrifgedeelte: Filippense 1:9-11

Fokusgedeelte: Filippense 1:9-11

Ware blydskap is in liefde verpak

In hierdie brief, waar die tema van blydskap soos 'n goue draad dwarsdeur die brief voorkom, bid Paulus nou dat die gemeente se liefde moet toeneem, want God se liefde is die bron van ware blydskap in jou lewe. Paulus is baie spesifiek in sy gebed oor hoe jou liefde moet toeneem. Hy bid dat jou liefde met begrip en fyn aanvoeling moet toeneem. Deur begrip moet jy presies verstaan wat die inhoud van God se verlossingsplan is. Wanneer jy verstaan wat God se verlossingsplan vir jou beteken, verstaan jy hoe groot God se liefde werklik is wat Hy in Jesus Christus vir jou gee. Verder bid Paulus ook dat jou liefde sal toeneem met 'n fyn aanvoeling. In die 33/53-vertaling word dit meer letterlik met "alle ervaring" vertaal. Deur ervaring ontwikkel jy 'n fyn aanvoeling en dit help jou onderskei wat is belangrik en wat is nie belangrik nie wanneer jy God se liefde ervaar. Wanneer jy verstaan dat jy in Jesus Christus voor God staan in volle geregtigheid (dit wil sê asof jy nooit enige sonde gedoen het nie), is jou verhouding met God soos wat dit van die begin af veronderstel was om te wees. Die bron van onvrede en ongelukkigheid is om van God vervreem te wees. Wanneer jy met God versoen word op grond van sy verlossingsplan, die kruispad van Jesus Christus, ontvang jy sy liefde en leef jy sy liefde volgens sy wil uit. Wanneer jy die wil van God doen omdat jy Hom ken, sal jy deur sy liefde ware blydskap in jou lewe ervaar omdat jy God reg ken. Soek God se liefde deur jou geloof in Jesus Christus sodat jy ook ware blydskap daardeur kan ontvang.

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)